

17 November

Die Gewer van die beloofde land mag nie vergeet word nie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6

Fokusgedeelte: Deuteronomium 6: 10-12

Israel is op pad na die beloofde land. Die Here berei hulle voor vir dit wat daar op hulle wag. Uit die hand van die lewende God van die verbond, die enigste Here (vs 4), gaan hulle op grond van sy belofte-eed aan hulle voorvaders 'n land ontvang. Dit is 'n land wat letterlik oorloop van melk en heuning en wat oor geweldige potensiaal beskik.

Hierdie baie besondere land, met alles daarin, is 'n genadegawe. Die stede en die huise vol voorrade en die landerye met al die oeste daarop is geskenke van die Here aan sy volk.

Maar Hy wat hulle uit Egipte verlos het en hulle hierdie land gee, maak ook duidelik dat die verbondseise nog steeds van toepassing is. Dit beteken God en sy eer nie vergeet mag word nie. Hy het hulle verlos en gee hulle hierdie land om Hom daar met oorgawe te gaan dien en eer (vs 13). As dit dan sou gebeur dat hulle die Here vergeet en ander gode aanhang, sal Hy hulle van die aarde af wegvee (vs 14 & 15).

Vandag bely ons dat ons van die slawerny van die sonde verlos is deur Jesus Christus en dat ons die ewige lewe sal beërwe. Die nuwe verbond het die nuwe Jerusalem as eindbestemming. Die God van die verbond is met die gelowiges op pad daarheen. Die verbondseise bly egter ook steeds van krag. Dit beteken: sy liefde en genadewerk in ons lewens moet ook met liefde beantwoord word. Hulle wat sy liefde versmaai, sal met sy wraak te doen kry.

Laat ons Hom dan deur die werk van die Heilige Gees liefhê met hart en siel en met al ons krag.

Sing: Psalm 103:1 (1936-beryming)

Ds. JB du Plessis (Lichtenburg)